Universiteit Stellenbosch
US Woordfees
Privaatsak X1 • Matieland • 7602
T 021 886 5036 • F 021 808 3809• M 072 117 3483
wow@sun.ac.za • www.woordfees.co.za

Beste Skoolhoof / Afrikaans-vakhoof / Opvoeder

Sanlam WOW Spelfees 2017

Nasionale Spelkompetisie:	**21 Oktober te Stellenbosch Universiteit**

Het jou skool die beste spellers in die streek? Na die sukses van ons vorige spelkompetisie in 2016 (meer as 200 000 leerders was bereik), wil ons vanjaar danksy die ondersteuning van ***Sanlam*** dié wonderlike projek verder uitbrei en u as skool uitnooi om deel te word van die geleentheid. Ons wil graag leerders op 'n prettige wyse met taal laat omgaan en sodoende die fondasie skep vir entoesiastiese nuwe lesers. Terselfdertyd is dit ook 'n ideale manier om die geletterdheidsvlak van die skool te help bevorder.

Skole met leerders van graad 1 tot 10 kan deelneem en elke skool kan hul eie formaat vasstel – volgens hul kapasiteit – om hul wenners vir elke graad te bepaal. Leerders ontvang spellyste wat wissel in moeilikheidsgraad, met 'n spesifieke aantal woorde in elke kategorie. Hierdie lyste word opgestel deur vakspesialiste en persone met ervaring binne die onderwys. Hierdie lyste kan elektronies afgelaai word vanaf www.woordfees.co.za. Die graadwenners van elke skool dring deur tot 'n finaal in hul onderskeie kringe. Kringe word bepaal volgens die indeling van skole binne onderwysdistrikte. Wenners van die kringfinale neem deel aan die distrikskompetisies en hierdie wenners kompeteer weer om die provinsiale kampioen te wees. Hierdie wenners spel dan verder tydens die **WOW-galadag op Saterdag 21 Oktober 2017** om as die ***Sanlam WOW Spelfeeswenner 2017*** gekroon te word**.** Die onderskeie kring en distrikskompetisies sal in die derde skoolkwartaal afgehandel word. Hierdie datums is beskikbaar op die webwerf. Daar is wonderlike kontant- en boekpryse op die spel vir die onderskeie wenners.

Indien u belangstel om u skool in te skryf, voltooi asseblief die meegaande blad en faks dit terug na **086 731 7981** of **086 273 6098** teen **Vrydag 02 Junie 2017**. Deelnemers, ouers en skole mag deur donateurs en vennote gekontak word indien nodig. Die ander informasie, soos die formaat en reëls van die kompetisie en die woordelyste, sal dan aan u gestuur word. Die woordelyste sal ook op die webwerf geplaas word. Ons wil graag die informasiepakkette spoedig na alle belangstellende skole uitstuur.

Hartlike dank. Ons hoor graag van u.

Vriendelike WOW-groete

Ω.

Universiteit Stellenbosch
US Woordfees
Privaatsak X1 • Matieland • 7602
T 021 886 5036 • F 021 808 3809• M 072 117 3483
wow@sun.ac.za • www.woordfees.co.za

Sanlam WOW-Spelfees 2017: Registrasie vorm vir hoërskole

Faks asb. so gou moontlik terug na: **086 273 6098/ 086 731 7981**

NAAM VAN SKOOL	
Telefoonnommer	
Faks:	
Epos:	
Fisiese Adres van Skool, volledig, die dorp of stad moet ook genoem word.	
Kring waarin skool ingedeel is.	
Distrik waarin skool ingedeel is	
Provinsie waarin skool geleë is	
Aantal leerders in graad 8 tot 10 by u skool	

Koördineerder van skool	
Naam en van	
Selfoonnommer:	
E-pos	

Kontakpersoon	**Naam en van**	**Selfoonnommer**
Graad 8		
Graad 9		
Graad 10		

Fiona van Kerwel. **(072 117 3483)**
Jeneen Wallow **(074 314 6464)**
Peter Loxton **(082 419 0041)**
Shireen Crotz(083 2377 059)
Marlene Fry (078 873 7207)